**MATZIKAMA MUNICIPALITY | UMASIPALA | MUNISIPALITEIT**
**Posbus/PO Box 98, Kerkstraat 37 Church Street, Vredendal, 8160, RSA**
**Tel: (027) 2013300; Fax: (027) 2133238**
**E-mail: Headoff@matzikamamun.co.za**

matzikama

**Verw/ Ref:** 17/11/2/1/9 /avdw

12 Desember 2006

**PER FAKSIMILEE: 021-979 3830**

SEF
Posbus 1330
**DURBANVILLE**
**7551**

Meneer/Me

**OMGEWINGSIMPAKSTUDIE (OIS): VOORGESTELDE 400kV TRANSMISSIE KRAGLYNE TUSSEN ORANJEMUND EN JUNO SUBSTASIES EN DIE OPGRADERING VAN HIERDIE SUBSTASIES (KUDU INTEGRASIE PROJEK)**

U skrywe 12/12/20/720 in bogenoemde verband, gedateer 13 November 2006, het betrekking.

Aangesien die area suid van Bitterfontein in die jurisdiksie area van Matzikama Munisipaliteit geleë is word meer gedetailleerde inligting in die verband versoek. Alhoewel dit blyk 'n goeie keuse ten opsigte van die Wes-Kaap te wees is die ligging van die voorgestelde alternatief F, suid van Bitterfontein, nie op die kaart duidelik sigbaar nie.

Indien die ontwikkeling van 'n area buite die bestaande Eskom-serwituut beoog word sal 'n grondgebruikveranderingsaansoek in terme van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (No 15 van 1985) by hierdie raad vir oorweging ingedien moet word.

Genoemde aansoek moet ook vergesel word van die kommentare van Cape Nature, Departement Landbou, SAHRA, Departement van Erfenishulpbronne, Department Omgewingsake asook die gedetailleerde uiteensetting van die toegangspad/paaie, werknemer nodusse en dienstevoorsiening (water/sanitasie/vullisverwydering, ens.) aan werknemers.

Alvorens die raad 'n besluit kan neem ten opsigte van genoemde grondgebruikveranderingsaansoek sal die onderskeie geaffekteerde grondeienaars se skriftelik toestemming verkry moet word.

Verdere publieke deelname vergaderings wat meer detail van die onderskeie gedeeltes betrokke by elke voorgestelde alternatief voorhou word aanbeveel. Indien verdere vergaderings gehou word, word u versoek om hierdie kantoor dienooreenkomstig in kennis te stel ten einde dit te kan bywoon.

Die kontakpersoon by hierdie kantoor is: Me A van der Westhuizen by annalivdw@matzikamamun.co.za met telefoonnommer 027-2013323.

Die uwe

AD G I O'NEILL
MUNISIPALE BESTUURDER